

Ds. A. W. C. Bester  
Vredendal Wes  
16 Julie 1978

Onderwerp: God se teenwoordigheid  
Lees: Jeremia 7 verse 1 tot 14  
Teks: Jeremia 7 vers 4  
Sing: Gesang 11 verse 1 en 6  
Gesang 36 vers 5

“Toe Jeremia destyds hierdie preek gehou het, was sy volk in die grootste verknorsing denkbaar. Hulle gelowige koning, Josia, het op die slagveld gesneuel in die oorlog teen farao Nego. Josea was verantwoordelik vir die grootskaalse hervorming in Judea toe die lank vergete wetboek onder die rommel van die Tempel ontdek is. Hy was ’n geloofwaardige man, maar was nou dood. Farao Nego het Josea se seun, Jóahas, wat die volk in sy plek koning gemaak het, afgesit en die eersugtige tiran, Jojakim, as koning in sy plek aangestel. Die volk was dus uitgelewer aan die willekeur van ’n despoot. Verder was die magtige Assiriese ryk, wat die hele wêreld om hulle oorheers het, aan die kwyn. Die groot moonthede van die tyd het almal met begerige oë gesit en kyk wie van hulle die Assiriërs as heersers oor die Ou Nabye Ooste sou opvolg. Daar was Egipte aan die suidekant van Palestina; die Babiloniërs aan die oostekant; die Mediërs aan die noordekant; en aan die westekant was daar vir Juda net maar die Middellandse See om in te vlug. Juda was van alle kante ingesluit.

“In hierdie tyd van eksterne bedreiging en interne onsekerheid het die volk gesoek na ’n bemoedigende woord. Daarom is hulle kerk toe, Tempel toe, want daar was die priesters en die profete wat hulle kon moed inpraat; wat vir hulle kon sê: moenie bekommerd wees nie. Dink maar aan die tyd van Jesaja toe die Assiriërs rondom Jerusalem ingegrawe gelê het en toe die profeet Hiskia kon sê dat die HERE nie sy Tempel sal prysgee nie. Waarom sou God dit nie weer laat gebeur nie? Josea het immers die land van afgodery gereinig en alles gedoen om die Tempel in ere te herstel. Só kon hulle die spreuk munt: ‘Die HERE se tempel, die HERE se tempel, die HERE se tempel is dit!’ (Jer 7:4) Net soos die Babiloniërs wat voorwerpe besweer het deur die naam daarvan driemaal te herhaal. So wou die volk ook vir God besweer om in sy Tempel te bly.

“En die priesters het die volk bemoedig. Solank hulle maar net gereeld hulle offers na die Tempel gebring en hulle tiendes gegee het, sou die Here daar wees. Broers en Susters, die volk was só bly om dié woorde te hoor, dat hulle dadelik gesing het: ‘Ons is verlos!’ (Jer 7:10)

“Maar Broers en Susters, toe die volk al singende by die Tempel uitgekom het, het Jeremia daar gestaan en vir hulle gesê dat hulle op bedrieglike woorde vertrou het: die Tempel van die HERE bied geen beskerming nie. Julle laat julle om die bos lei, omdat julle hoor wat julle graag wil hoor. Julle laat julle valslik gerusstel.

“Jeremia het toe twee redes aan hulle gegee, waarom hy gereken het dat hulle op valse woorde vertrou het. Die eerste is verse 5 tot 7: ‘Maar as julle jul weë en julle handeling waarlik goed maak, as julle waarlik reg doen onder mekaar; vreemdeling, wees en weduwee nie verdruk nie en geen onskuldige bloed in hierdie plek vergiet nie en agter ander gode nie aan loop tot julle eie skade nie - dan sal Ek julle laat woon in hierdie plek, in die land wat Ek aan julle vaders gegee het, van eeu tot eeu.’ Die tweede is verse 9 tot 11: ‘Sal julle steel, doodslaan en owerspel bedrywe en vals sweer en vir Baäl offerrook laat opgaan en agter ander gode aan loop, wat julle nie ken nie, en dan kom staan voor my aangesig in hierdie huis waaroor my Naam uitgeroep is, en sê: Ons is verlos! - om al hierdie gruwels te doen? Is hierdie huis waaroor my naam uitgeroep is, ’n spelonk van moordenaars in julle oë? Ook Ek - kyk, Ek het dit gesien, spreek die HERE.’

“Aan die een kant, het Jeremia gesê, het hulle die armes, weduwees, wese en die vreemdelinge verdruk. Dit was die mense wat spesiaal deur die wet beskerm was. Aan die anderkant het hulle agter vreemde gode aangeloop. Hulle het hulle verhouding met God en hulle naaste (en daarmee nog ’n maal met God) verbreek en toe kom sê dat die HERE se Tempel hulle sou beskerm.

“Godsdiens bestaan nie uit offerhandes en tiendes alleen nie. God verstaan veel meer onder Godsdiens. Hulle het gereken dat hulle, hul lewens in gerieflike kompartemente kon indeel: een vir die Sabbat en een vir die res van die week; een vir die Tempel en een vir besigheid. Maar Godsdiens sluit ook jou naaste in. Godsdiens het twee kante: horisontaal en vertikaal. Of soos Johannes sê: ‘As iemand sê: Ek het God lief - en sy broeder haat, is hy ’n leuenaar’. (1 Joh 4:20)

“Die tweede rede wat Jeremia aangevoer het, sluit ook aan by die eerste. Hy het vir die volk gesê dat hulle die Tempel van God soos ’n rowerspelonk gebruik het. Want rowers gaan uit en hulle bring hul buit na die spelonk en gaan dan weer uit. Maar as dit vir hulle te warm word, vlug hulle na hulle reserwes terug.

“En wat het die volk gemaak? Hulle het hulle offers en hulle tiendes gebring en gemeen dat hulle ’n aardige reserwe by God opgebou het. Hulle het gedink dat hulle offers en tiendes ’n goddelike ongevallepolis was. Daarna is hulle weer die wêreld in, waar hulle owerspel en moord gepleeg het, gesteel en vals gesweer het - alles wat die Tien Gebooie verbied. En toe die wêreld vir hulle te warm geword het, wou hulle die bates van hulle reserwes, die uitkeerpolis, hê.

“Maar God se Tempel is nie ’n rowerspelonk en God is nie ’n versekeringsmaatskappy nie. Jy kan God nie kry sonder om ook sy Wet te ontvang nie. En dit was hierdie mense se probleem. Hulle was vol van die Tempel, maar sonder God. Hulle wou God hê, maar het God se Wet verwerp.

“Broers en Susters, daar is vir ons in Suid-Afrika seker geen groter gevaar as juis dié gevaar nie. Ons sing so maklik: ons is verlos. Ons hoor so maklik van politieke verhoë en helaas ook van kansels af die vertroostende woorde: die God van Bloedrivier, die God van die Voortrekkers, die God van ons vaders is dit! Maar intussen oortree ons mense al wat ’n gebod is teenoor God en teenoor ons naaste. En hoe belangrik is ons naaste nie juis in hierdie land nie.

“Ons godsdiens is gekompartementeer. Ons gaan in massas kerk toe, maar ons probeer God en sy Wet tussen die buiteblaai van die Kanselbybel vasknyp. Ons probeer om God agter die geslote kerkdeure toe te maak, terwyl ons daarbuite ons eie begeertes uitleef. Solank God maar net sorg vir die anderkant van die lewe. Solank Hy maar net daar is die dag as die nood druk.

“Maar Broers en Susters, God is nie ’n rowerspelonk nie. By God kan ’n mens geen reserwes opbou nie. Ons kan God ook nie in ’n kompartement afsluit nie. Hy word óf oral gedien, óf glad nie. Die vertroostende woorde is óf waar, óf bedrieglik vals. En daarom het Jeremia die volk gewaarsku toe hulle God wou afkamp; toe hulle Hom as ’n reserwe wou misbruik en steeds gemeen het dat hulle verlos was toe hulle gesê het: ‘die HERE se tempel is dit’. Jeremia het aan sy volk gesê: Gaan kyk dan na Silo. Doen tog die moeite en stap die

paar kilometers en gaan kyk wat van die vorige tempel en simbool van God se teenwoordigheid geword het. Daar is maar net murasies oor. Daar sal jy sien dat God die tempel in 'n murasie kan verander. Dat God wel uit sy tempel kan padgee.

“Wat sal in Suid-Afrika met u en my gebeur as ons die dag op God wil reken vir beskerming? Sal ons ook in 'n algemene waanwêreld leef soos die Israeliete, wat toe hulle die stryd teen die Filistyne verloor het, die Ark laat haal het om God naby te kry? En toe die Ark in die laer kom, het hulle 'n geweldige kreet aangehef sodat die Filistyne gesê het: God is in die laer! Maar die Israeliete het hulle misgis. Hulle veronderstelling was vals. Dit was 'n valse hoop.

“Broers en Susters, het ons dieselfde gesindheid? As ons God maar net op die een of ander manier by ons programme kan intrek, móét Hy mos daar wees! As ons maar net 'n ouderling by die reëlings kan betrek; of as die dominee maar net die verrigtinge met Skriflesing en gebed kan open. As die kerk betrek word, dan moet God mos daar wees?

“Broers en Susters, toe die priesters die volk heil toegewens het, was God reeds oppad uit; toe het die some van God se kleed reeds die voorportaal gevul. Die heerlijkheid van die HERE was reeds oppad uit, het Esegjël gesê. God is nooit 'n vanselfsprekendheid nie.

“En teen hierdie agtergrond het Jeremia sy volksgenote opgeroep om hulle handeling goed te maak, want dan sou God hulle in veiligheid laat woon het.

“Dit beteken dat ons, ons hele lewe moet laat inskakel by God se plan vir God se koninkryk. Eers as ons hele lewe, ja u s'n ook, ingeskakel is by God se plan, kan ons met sekerheid sê, sonder om vals te hoop en sonder om op bedrieglike woorde te vertrou: my 'enigste troos in lewe en in sterwe' is 'dat ek met liggaam en siel, in lewe en in sterwe, nie aan myself nie, maar aan my getroue Saligmaker Jesus Christus toebehoort, wat met sy dierbare bloed vir al my sondes ten volle betaal en my uit alle heerskappy van die duiwel verlos het, en my so bewaar dat sonder die wil van my hemelse Vader geen haar van my hoof kan val nie'.

“Daartoe wou Jeremia sy volk in die Tempelpoort beweeg.

“Dit is God se wil vir u en vir my.

“Amen.”

Kommentaar:

Is jou verhouding met God en Jesus Christus 'n lewende werklikheid; óf is God en Jesus Christus net 'n vanselfsprekendheid in die agtergrond?

Dit is moontlik dat geredde Christene so 'n agteruitgang in hul geloof kan ervaar, veral as daar verhardende sonde is.

So wat kan jy daaromtrent doen?

Bid en vra God se vergifnis vir jou miskenning en jou sonde. Bekeer jou van jou volhardende sonde en moenie opgee nie, al vat dit hoe lank en al lyk dit asof jy geen vordering maak nie.

Vra dat God en Jesus Christus jou verhouding herstel; en laat ons dankbaar wees dat God en Jesus Christus ons hierin voorgaan en ons nie op onself aangewese is nie.

Maak jou geestelike ore oop, luister en volg die Heilige Gees.